

Nomades Roete-terugvoer

Queen Rose voetslaan roetes.

(Queens River Adventure Camp / SAFCOL), Barberton...

Queens River Adventure Camp
queenrosetrail@gmail.com

Afdraai vanaf R38 : S25.79075 E30.79257 (Tussen Badplaas en Barberton)-(5km) >
T-Aansluiting vanaf Bosbou-teer-pad na grondpad : S25.82283 E30.82314 > (7km Grondpad)
> Queens River Adventure Camp : S25.85615 E30.8396

Ons is 19 stappers wat almal vanaf so 16:30 tot die laaste so 21:00 aankom by die terein. Erna Lubbinge, Elsabe During; Jan & Corrie du Preez, Anna-Marie Lotter, Phrina Oosthuizen, Norma Grotius; Dave & Wilna Hale; Everdt & Sanet Barnard; Magda Grobler, Isabel Baatsen, Marius Stander; Celeste Birch, Kobus du Toit, Fran Solomon; Dominique de Matteis & Kyle Knott. Een stapper kon ongelukkig nie meer die naweek saamkom nie.

Queen Rose
2018/08/24-26




Ons maak ons tuis in die nuut opgegradeerde huis, wat 20 slaap. 6+2+4+2+2+4 met effektief 3 badkamers met elkeen 'n stort en toilet. Vol krag en netjiese nuwe stewige beddens en matrasse met paslakens. Volle toegeruste kombuis. Eetgerei (Borde, koppies, poeding bakkies, messegoed, glase) panne en potte, Twee ys/vrieskaste, 4-plaat stoof en oond en mikrogolfoond. Hout is te koop op die terein.

Ons begin die aand buite braai, maar 'n reentjie jaag ons ietwat rond en die rooster word verskuif in 'n skuur/saal in waar ons heerlik warm en droog braai so tussen al die bou-rommel en bou-materiaal. 'n Vreemde plek vir 'n nood-braai, maar baie effekief en gerieflik.

Saterdagoggend net na 8:00 en ons geselsie met die eienaars begin ons stap. Niemand weet regtig wat om te verwag nie. Ons begin met die geel "Ou Kraal" roete, af deur die plantasie, oor die pad en dan 'n oppie. Uit die plantasie en nog bietjie op en nou in die oopte. Die Montrose oornagstap roete draai dan hier af. Ons gaan reguit aan. Neem 'n rus-stop tussen 'n vreemde los-rots-samestelling. Dan begin ons al die mooi veldblommietjies te sien, grotendeels aangesien die veld onlangs afgebrand het, en alles loop nou mooi en vars uit. Die siloette op die horisonne met die alwyne, proteas en kiepersolle groet ons ook. Die deel is heeltemal nuut en die paadjie nog bietjie skuins. Ons Daal en Daal en Daal, al op die uitloper af tot onder by die grondpad.

So net onder die 7km gestap tot hier. 'n Entjie met die pad aan en dan begin ons die wit deel van die "Matumi Lane" seksie. Tot by die Queens rivier en dan al langs die' langs. Mooi tonele. Al in

die kloof langs. Dan uitbreek, en die Op begin. En Op. Tot by die heerlike swempool met sy houtbruggie. Bietjie somer net hier gelê en die rustigheid van die kabelende water en vergesigte oor die rollende valeie onder ons geniet. Dan verder, kruis die pad en met 'n kort leertjie op, in 4x4 mode. Net toe ons dink dit is nou maar net die laaste pylvak huis toe, deur die bosse, die verrasende uitsig op die Kupid valle. Eers net so




skelm deur die bosse en dan later 'n oopte waar ons mooi kan kyk en die valle in sy hele lengte sien. Afdraai uit die bospad, oor die klipplate bo-kant die valle en dan oor die mini-hangbruggie by Nog 'n klein swempoeletjie. Ongelukkig bietjie koel gewees om te swem.

Verby die ou piekniek-afdakkie, langs die rivier ook met 'n spesiale swemplekkie. Hier en daar ook toue om te help. Dan weer bietjie plantasie stap en die skerp Opdraaipaadjie na die kamp. Totaal net so onder die 14km vir die dag. So 400m+ gedaal en weer gestyg !!!

Sommige is nie lus vir nog Op nie en draai somer Af en stap so toe somer 'n ekstra sowat 4km. Maar voor donker is almal veilig tuis. Behalwe vir die twee ondekkers, was almal so tussen 13:00 en 15:00 by die kamp. Warm gestort en verder gekuier of sommige lê bietjie skuins.

Die aand nadat ons voor die kombuis gebrui het en daarna nog so 'n bietjie om 'n vuurtjie gekuier het weer heerlik geslaap in ons luukse netjiese akkomodasie.

Sondag-oggend om 7:00 begin ons stap. Erna, Phrina, Dominique, Fran en Kyle geniet die rustigheid van die kamp. Die eerste 2.9km dubbel soos gister op die "Ou kraal" roete Op. Dan draai ons regs af op die "Montrose" roete, nog 'n klein entjie op. Oor die koppie en die groot af begin. Aanvangklik deur 'n redelike deel ge-oeste plantasie. Minder mooi. 'n Entjie op bosbou paaie en dan begin die mooi. STEIL af in 'n natuurlike woud. Duidelik is die deel nog 'n oorblyfsel van 'n vorige paadjie. Baie mooi oopgesny en gemerk, maar plek-plek baie steil en losserrige grond met die skuinstes hier links af, soms maar 'n bangmaak-voetjie-voor voetjie stap. Jy wil nie hier gly nie.



Skielik dan weer die 'Wow' oomblik, die groot valei hieronder ons met die pretjie van die Alvin waterval en sy groot poel daaar onder. Dan nog af en so 50m uit/in loop tot by die poel en landing van die Alvin valle. 9:40. 'n Tydjie ook hier spandeer en baie fotos geneem. Die volgende seker 5km dan baie gelyk, al langs die rivier af. Ons kruis die rivier seker so 14 keer, meeste met nuwe toue oorgespan. Alhoewel redelik gelyk in terme van helling, neem dit ook maar 'n tydjie om elke keer oor die klippe oor die rivier te kom, maar o so mooi. Die Varings, Water, Plantegroei en somer net die Bos-gevoel. Dan die eerste van sowat 10 mooi nuwe houtbruggies oor die rivier, wat die totale aantal rivier kruising by die 24 maak. Mooi. Nou uit die bosse uit, af en oor die oop vlakke op 'n 4x4 pad op die grasvlakte. Tot onder by die groter grondpad waar Pieter vir ons wag soos afgespreek dat ons hom ongeveer 12:00 daar kry. Ons agterste groepie was seker so 12:10 onder gewees. Net oor die 14.2km. In totaal vandag to 450m gedaal, die laaste 6km darm baie matig af al met die rivier en later die 4x4-pad langs.

As jy die oornag-rugsak roete sou loop sou jy nog 'n paar km aanstap tot by die nuwe oornaghut.

By die kamp gekom gestort, en klaar gepak en oppad na 'n lang, maar baie mooi stap met lekker uitdagings op die lyf. Kom Stap gerus hier. Nie die maklikste roete nie, maar 'n lekker uitdagende stap, met baie afwisseling tussen plat, op, af, inheemse woude, plantasie en ooptes. Sowat 300km vanaf Pretoria.

Kontak "Queens River Adventure Camp" direk by 072 604 9600 (Jackie) / 076 825 5794 (Pieter) / Queenrosetrail@gmail.com "https://www.facebook.com/search/top/?q=queen rose hiking trail"
Hulle vra ons R220 per persoon per nag. Ons vra R460 per lid en R490 per nie-lid.

Finansies: Projek surplus R358 (3.8%)

Uitbetaal: R8962

17 x R440 (EFT) Aan roete-eienaar = R7480
3 x R440 (Kontant) Aan roete-eienaar = R1320
R50 (Kruisva vol hout) Aan roete-eienaar = R50
Brikette (4x4kg@R25) + aanstekers (R12)
[MS @ Powerbuild] = R112.00

Inbetaal: R9320

R920 (2 x stappers Lede kontant)
R8400 (14 Lede (R6440),
4 Nie-lede R1960)
(Bankrekening).

Stapgroete.

Marius Stander

Vir

Nomades Voetslaanklub.

www.nomades.co.za

